SRA JONKERSHOEK

# NUUS / NEWS

Vol 2 Nr 4

1 June / Junie 2016

## Kameras is hier!

Die installering van die kamerastelsels binne die Jonkershoek SRA-gebied vorder fluks: 19 is al geïnstalleer, 7 volg vandeesweek, sowat 60 behoort einde Junie 2016 opgerig te wees.

Die kameranetwerk, met sy beheerkamer, gaan die vermoë om ongewenste elemente in die Jonkershoek-gebied te moniteer aansienlik verhoog. Dié geïntegreerde netwerk en die bestaande motor- en fietspatrollies kan werklik 'n oorsig bied van wat in die vallei aangaan.

- Die kameras is ’n sigbare afskrikmiddel en vroeë waarskuwing-stelsel.
- Dit bied ’n virtuele veiligheidsgrens rondom die gebied se toe-gange.
- Dit voorsien sekuriteitsinligting.

Die kameras werk in alle ligtoestande, ook snags. Kameras stuur alarmseine na die beheerkamer indien daar enige tegniese probleme is. Die kameras kan ook spesifiek geprogrammeer word, om alarm te maak vir motors en mense onder bepaalde omstandighede of waar daar geen beweging behoort te wees nie.

Die kameras word geplaas by die toegangspunte tot die woonbuurte en plase. Die doel is om alle woonbuurte se buitegrense en parke dop te hou.

Daar is drie soorte kameras:

**Wyeveld oorhoofse kameras**

Dit word op strategiese hoë plekke geïnstalleer, bv. torings. Vandaar bespied dit groot gebiede soos Botmaskop of plase in die vallei. Die kameras se fokus kan verstel word vir naby-of wye beelde.

**Nommerplaat-herkenningskameras**

Hierdie “NPR”-stelsel, die nuutste ter wêreld, lees nommerplate van bewegende voertuie. Dit word by al die ingange van die woonbuurtes geïnstalleer om inkomende en uitgaande verkeer te moniteer. Deur die munisipale verkeersafdeling verbind Jonkershoek SRA se stelsel met die nasionale motorverifiëringstelsel om onwettige voertuie, vervalste lisensies, rybewyse en oortreders te identifiseer of inligting oor, bv. 'n verlate voertuig, te vind. Die kameras kan gestel word om alarm te maak as 'n verdagte voertuig gewaar word. Jonkershoek SRA het ook twee mobiele skandeerders wat net soos die kameras werk.

## Cameras are here!

The installation of the camera system within the Jonkershoek SRA area is proceeding apace with 19 installed, 7 more this week and most of the 60 in the network installed by end June 2016.

The camera network together with the control room will significantly improve the capacity to monitor undesirable elements in the Jonkershoek area. This integrated network together with the existing vehicle and bicycle patrols would provide a comprehensive overview of what is happening in the valley.

- The cameras are a visible deterrent and early warning system.
- They offer a virtual security perimeter around the area's access points.
- They provide security information.

The cameras operate under all lighting conditions, also at night. Cameras will transmit alarm signals to the control room for any technical difficulties. Cameras can also be programmed to raise the alarm for specific cars and people or where no movement is supposed to take place.

The cameras are placed at entry points to suburbs and farms. The purpose is to monitor the outer perimeters and parks.

There are three types of cameras:

**Wide angle overhead cameras**

These are installed in strategic, high locations such as towers. From here they can observe large areas such as Botmaskop or farms in the valley. The cameras can zoom in and out for a wide or close-up view.

**Numberplate recognition cameras**

This NPR system, the latest in the world, reads number plates of moving cars. These are installed at the entrance to suburbs to monitor incoming and outgoing traffic. This system can link, via the municipal traffic department, to the national motor verification system to trace illegal vehicles, false licences and driver's licences, offenders or to find other information, e.g. about an abandoned vehicle. The cameras can be set to raise the alarm when a suspicious vehicle appears. Jonkershoek SRA also has two mobile scanners that operate like the cameras.

**Hoëdefinisie kameras om strate en parke te moniteer.**

Hierdie kameras hou voetgangers dop en kan ook naby en ver fokus. Daar is wetlike beperkings op gesigsidentifikasie omdat dit mense se vrye beweging beperk, maar die kameras neem insidente en beweging waar. Dit dien opsigself as 'n afskrikmiddel vir misdaad en as bewyse in ondersoeke en vervolgings.

## Jonkershoek SRA-beheerkamer

Sonder 'n funksionele en ingerigte beheerkamer is 'n kamerastelsel nie doeltreffend nie. Nadat verskeie opsies ondersoek is, is 'n samewerkingsooreenkoms met die Universiteit van Stellenbosch gesluit. Die Universiteit se beheerkamer is uitgebrei en die Jonkershoek SRA se bedryfsentrum daarbinne behoort voor einde Junie operasioneel te wees.

Die Jonkershoek bestuurder, Belinda Hattingh, sal in die beheerkamer kan sit en operasies waarneem. Die Universiteit se personeel bedryf die beheerkamer, maar Jonkershoek SRA se motors, bakkies en fietse bly die reaksiemag vir die Jonkershoek-omgewing.

Die beheerkamer het skerms wat aan rekenaars en opnametoerusting gekoppel is. Die skerms verhelder tydens noodsituasies. By die beheer-kamer word alle inligting oor 'n alarm, reaksie en optrede vasgelê.

**Opleiding**

Beheerkamer-operateurs word spesiaal gekeur. Hulle leer om liggaamstaal, houdings en verdagte optrede te ontleed. Elf is reeds opgelei. Die fokus is op proses, diens en spoed.

Deur hierdie beheerkamer kan die hulpbronne en vermoë van die Jonkershoek SRA, die SA Polisiediens, privaatveiligheidsinstansies soos Stellenbosch Wag, die Universiteit en die munisipaliteit saam ingespan word vir die grootste doeltreffendheid. Die totale stelsel moet kriminele bedrywighede merkbaar en meetbaar verminder. Goeie gebruik van tegnologie en beeldmateriaal help om skuldiges te vang en te straf.

## Voorsitter bedank donateurs

Thomas Prins, voorsitter van die direksie van Jonkershoek SRA, het al die donateurs wat geld geskenk het vir die aankoop van die kameras bedank:

“Hierdie vootreflike kameranetwerk gaan die veiligheid van almal wat in die Jonkershoek SRA-gebied en –vallei woon, werk en kuier aansienlik verbeter. Geldelike bydraes van inwoners het dit alles moontlik gemaak. Baie dankie!”

**High definition cameras to monitor streets and parks.**

These cameras observe pedestrians and can provide wide angle or close-up images. There are legal restrictions on face identification as this constrains free movement, but the cameras will record incidents and movement. This acts as a deterrent for crime and provides evidence in investigations and prosecutions.

## Jonkershoek SRA control room

Without an efficient and properly equipped control room a camera system cannot be effective. After investigating several options a co-operation agreement was signed with the Stellenbosch University. The University's control room has been expanded and the Jonkershoek SRA's operations centre, within it, will become operational before the end of June.

The Jonkershoek SRA manager, Belinda Hattingh, will be able to sit there and observe operations. University staff operates the control room, but the cars, trucks and bicycles of Jonkershoek SRA will continue to provide patrols and response within the Jonkershoek area.

The control room is equipped with screens attached to computers and recording equipment. Screens brighten for alarm situations. All information with regard to an alarm, the response and action is recorded.

**Training**

Control room operators are specially selected. They learn how to analyse body language, postures and suspicious behaviour. Eleven have been trained. The focus is on process, service and speed.

Through this control room the resources and capacity of the Jonkershoek SRA, the SA Police Services, private security organisations such as Stellenbosch Watch, the University and the municipality can be harnessed for maximum effectiveness. The total system must reduce criminal activity - visibly and measurably. Proper use of technology and visual material will help to catch and prosecute criminals.

## Chairman thanks donours

Thomas Prins, chairman of the board of the Jonkershoek SRA, has expressed his gratitude to all donours who contributed towards the purchase of the cameras:

“This outstanding camera network will significantly improve the safety of all who live, work in, and visit the Jonkershoek SRA area and valley. Donations by residents have made all of this possible. Thank you very much!”

Thomas het ook Lew Geffin/Sotheby's, veral Chris Cilliers en Marelise Visagie, bedank vir hul borgskap van die inligtingsborde by alle ingange wat die 24 uur monitering aankondig.

Lede kan enige kommentaar of vrae, oor die kamerastelsel of ander sake, rig via die Jonkershoek webwerf (www.jonkershoeksra.co.za) se "Contact Us"-funksie of direk stuur aan:

manager@jonkershoeksra.co.za

Thomas also thanked Lew Geffin/Sotheby's, especially Chris Cilliers and Marelise Visagie, for sponsoring the notice boards at all entrances to advise that the area has 24 hour camera surveillance. Members are welcome to send any comments or questions about the camera system or other matters via the Jonkershoek website (www.jonkershoeksra.co.za) "Contact Us" function or directly to: manager@jonkershoeksra.co.za

## Die Jonkershoek SRA-span / The Jonkershoek SRA team




**Deel van die voertuig- en fietspatrolliespan van links: / Part of the vehicle and bicycle patrol team from left:**
Siviwe Hluthiwe, Aphiwe Nxaxeba, Thomas Prins (voorsitter van die Jonkershoek SRA-direksie / chairman of the Jonkershoek SRA board), Belinda Hattingh ( bestuurder / manager) en /and Gerhard Claassen, (Thorburn-bedryfsbestuurder / Operations Manager) (Jonkershoek SRA se diensverskaffer / Jonkershoek SRA's service provider), Denvir Flippies en Ghalieb Bickerstaff.

## Munispale heffing vir 2017

Die Jonkerhoek SRA se begroting vir 2017 is ingevolge die finansiële ooreenkoms met die Stellenbosch munisipaliteit aan die munisipaliteit voorgelê en goedgekeur. Dit word eersdaags vir kommentaar gepubliseer as deel van die munisipale begrotingsproses vir die 2017 finansiële jaar.

Met ingang 1 Julie 2016 sal die Jonkershoek SRA-heffing op eiendomme met ongeveer R11,15 per R1 000 000 munisipale waardasie verhoog. Dit is 14,23% meer as die 2016-heffing. Die verhoging is effens hoër as dié voorgestel in die oorspronklike besigheidsplan wat met die totstandkoming van die Jonkershoek SRA goedgekeur is. Soos reeds genoem aan inwoners op die algemene jaarvergadering op 23 November 2016, is daar met die instelling van die SRA-heffing in 2016 nie die vereiste BTW bygevoeg nie. Dit het 'n begortingstekort veroorsaak wat die nuwe verhoging genoodsaak het. Die Jonkershoek SRA sal deur goeie bestuur, doeltreffendheid en kostebeheer steeds poog om die SRA-heffing en -verhogings in lyn met die besigheidsplan te hou.

## Municipal levy for 2017

Die Jonkerhoek SRA budget, in terms of the financial agreement with the Stellenbosch municipality, has been submitted to and approved by the municipality. It will soon be published for comment as part of the municipal budgeting process for 2017. With effect from 1 July 2016 the Jonkershoek SRA levy on properties will increase by approximately R11,15 per R1 000 000 of the municipal valuation. This figure is 14,23% higher than the 2016 levy. The increase is slightly higher than the increase proposed in the original business plan that was approved when Jonkershoek SRA was established. As mentioned to residents at the annual general meeting on 23 November 2016, VAT was not added to the SRA levy, resulting in a budget deficit. This has necessitated the new increase. Jonkershoek SRA will continue to strive, through good management, operational efficiency and cost control to keep the SRA levy and future increases in line with the business plan.

## Misdaadbewustheid

Jonkershoek SRA het met opleiding en bewusmaking van huis- en tuinwerkers begin. Hulle word geleer hoe om misdaad, verdagte voertuie en mense in die omgewing te rapporteer en hoe om waaksaam te wees. Hulle het 'n WhatsApp-groep om te kommunikeer en vorm 'n belangrike skakel in die stryd teen misdaad.

**OTM-bedrog**

Belinda Hattingh, Jonkershoek SRA-bestuurder, deel die volgende wenke oor die gevaar van bedrog en diefstal by outomatiese tellermasjiene. Die wenke kom van Adj.-off Marco Nel van die SA Polisiediens.

- Wees wakker en bewus van die omgewing wanneer jy 'n OTM gebruik.
- Moet nooit jou kaart of PIN-nommer onder enige omstandighede aan enigmand gee nie.
- Moet nooit die PIN-nommer op die kaart of enigiets wat saam met die kaart bewaar word, skryf nie.
- Moenie jou kaart in die OTM steek voordat die boodskap op die skerm dit vra nie.
- Moet nooit 'n OTM met skerm sonder inligting gebruik nie en as die OTM buite sig of swak verlig is, vertrek dadelik en gebruik 'n ander OTM.
- Staan teenaan die OTM en gebruik jou lyf en hand as skerms om te verseker niemand sien hoe jy jou PIN insleutel nie.
- Hou jou hand oor die kaartgleuf om te verhoed dat iemand die kaart vat of omruil.
- Moet nooit hulp van vreemdelinge aanvaar by 'n OTM nie. Wees ook versigtig vir vreemdelinge wat hulp vra naby 'n OTM.
- Misdadigers werk in spanne – een lei jou aandag af terwyl die ander jou kaart en geld steel.
- As die OTM jou kaart insluk en nie wil teruggee nie, bel jou bank se tolvrystopnommer en stop jou kaart.
- Moenie dat 'n omstander die tolvrynommer namens jou bel nie – hulle kan jou mislei dat die kaart wel gestop is en dan jou geld steel.
- Sekerheidswagte by OTM'e is daar om misdadigers af te skrik en hulle kan nie help met transaksies of probleme nie. Vir hulp, vra 'n bank-amptenaar.
- Dit is raadsaam om 'n daglimiet vir onttrekkings by jou bank te reël.

ONTHOU
**BELANGRIKE NOMMERS!**

Patrollievoertuig **082 832 3303**
Beheerkamer **021 886 8976**

## Crime awareness

Jonkershoek SRA has started training and awareness sessions for domestic and garden workers. They are taught how to report crime, suspicious vehicles and people in the area and how to be vigilant. They have a WhatsApp group to communicate and they are an important link in the fight against crime.

**ATM fraud**

Belinda Hattingh, Jonkershoek SRA manager, shares the following advice on the danger of fraud and theft at automatic teller machines. Tips are provided by Warrant Officer Marco Nel of the SA Police Services.

- Be alert and conscious of your surroundings when using the ATM.
- Never give your card or PIN (Personal Identification Number) to anyone, for any reason.
- Do not write your PIN on the card or anything that is kept with the card.
- Do not insert your card until asked to do so by the display screen.
- Never use an ATM with a blank screen and, if the ATM is obscured from view or poorly lit, leave immediately and find another ATM.
- Stand close to the ATM and use your body and hand as shield to make sure nobody sees you keying in your pin.
- Keep your hand over the card slot to make sure nobody can swop or take your card.
- Never accept help from strangers when using an ATM. You should be wary of strangers asking for help.
- Criminals work in teams - one to distract you while the other steals your card or money.
- If your card is retained (swallowed) by the ATM it is advisable to phone your bank toll free stop card line immediately and stop your card.
- Never allow a bystander to call the toll-free stop card line on your behalf - they could be tricking you into thinking your card has been stopped.
- Guards are placed at ATMs to discourage criminal activities and therefore cannot help you with transactions.
- If you need help, ask a bank official.
- It is advisable to set a daily ATM withdrawal limit at your branch.

REMEMBER
**IMPORTANT NUMBERS!**

Patrol vehicle **082 832 3303**
Control Room **021 886 8976**